Om die HERE jou God lief te hê

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Deuteronómium 6:4, 5 en 10:12; Efésiërs 2:1–10; Openbaring 14:6, 7; Deuteronómium 4:37 en 11:1; Markus 12:28–30.

Geheueteks: " 'Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.' " *(Deuteronómium 6:5)***.**

Een van die mees belangrike gebede in die Joodse godsdiens kom uit Deuteronómium 6. Dit staan bekend as "Die Shema", wat gegrond is op die eerste woord van die gebed, die oorspronklike Hebreeuse woord shama', wat "om te luister" beteken, of selfs "om te gehoorsaam" — 'n woord wat oor en oor verskyn, nie net in Deuteronómium nie, maar regdeur die Ou Testament.

Die eerste reël van "Die Shema" lees soos volg:

Shema Yisrael Adonai Elohenu Adonai echad.

Dit beteken: "'Hoor, Israel: Die HERE onse God is 'n enige HERE!'" *(Deuteronómium 6:4)*. Baiekeer wanneer Jode hierdie gebed bid, bedek hulle hulle oë, met die gedagte dat niks hulle aandag van God moet aftrek nie. Hierdie eerste reël van "Die Shema" word as bevestiging van die monoteïstiese natuur van "Adonai Elohenu", "die Here onse God", geag, Israel se lojaliteit aan Hom alleen en aan geen ander "god" nie. Die feit is, dit kan ook as "die Here is onse God" gelees word.

Hierdie een reël vorm deel van die eerste toespraak wat Moses aan die kinders van Israel gemaak het toe hulle die Beloofde Land sou binnegaan. Wat egter op hierdie eerste reël volg, is 'n kragtige uitdrukking van waarheid wat net so uiters belangrik vir ons is as wat dit toe was.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 Oktober.*

Om God lief te hê

Nadat Moses aan die kinders van Israel hulle geskiedenis oorvertel het, het hy begin om aan hulle instruksies te gee oor wat hulle moes doen om die land oor te neem en daar te floreer. 'n Mens kan inderdaad redeneer dat die grootste gedeelte van Deuteronómium juis dit doen: die HERE vertel die volk wat hulle moet doen om hulle deel van die verbond na te kom, die verbond wat Hy genadiglik met hulle gesluit het om sy belofte aan hulle voorvaders na te kom.

Deuteronómium 6 begin so: " 'Dit is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die Here julle God beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem; dat jy die Here jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou – jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word.' " *(Deuteronómium 6:1, 2)*.

Die **Deuteronómium 6:4, 5. Watter opdrag gee die Here God aan die kinders van Israel in vers 5? Wat beteken dit?**

_____

_____

"Jy [moet] die HERE jou God liefhê met jou hele hart...?" Dis baie interessant dat hier, in die middel van die wet, te midde van al die waarskuwings, reëls en bepalings, hulle daarop gewys word om God lief te hê. En nie net om Hom lief te hê nie, maar om dit "'met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag'" te doen, wat op die allesomvattende aard van hierdie liefde aandui.

Deur God met jou hele hart en siel en met al jou krag lief te hê, beteken dat ons liefde vir Hom ons liefde vir enigiets en enigiemand anders moet oorheers, want Hy is die fondament en grondslag van ons hele wese en bestaan. Ons liefde teenoor Hom moet ons liefde vir enigiets anders in die regte perspektief plaas.

In die Hebreeus word die woord "jou" vir "jou God, jou hart, jou krag" in die enkelvoud gebruik. Ja, God het met die volk as 'n geheel gepraat, maar die geheel is net so sterk as wat elke deel daarvan is. Die Here wil hê dat elkeen van ons, hoewel ons deel is van 'n groter liggaam, elkeen van ons persoonlik aan Hom getrou moet wees, en die fondament van ons getrouheid moet ons liefde vir Hom wees, vir wie Hy is, en vir wat Hy vir ons gedoen het.

Wat beteken dit vir jou om God met jou hele hart en siel en al jou krag lief te hê?

_____

_____

Om God te vrees

Moses het aan die kinders van Israel gesê om God met alles wat hulle het, lief te hê. Dit was 'n opdrag. Maar, 'n paar verse vroeër het Moses aan hulle 'n ander opdrag gegee: " 'dat jy die Here jou God kan vrees' " *(Deuteronómium 6:2)*.

Lees **Deuteronómium 10:12. Wat word daar in hierdie vers oor liefde en vrees gesê, en hoe verstaan ons dit?**

_____

_____

In een vers word daar aan hulle gesê om God te vrees, en in 'n ander om Hom lief te hê, en in hierdie vers word aan hulle gesê om Hom terselfdertyd beide te vrees en lief te hê. In die gewone begrip van die woord "vrees" lyk hierdie asof dit 'n weerspreking is, maar dit is nie. In stede daarvan moet om God te vrees — in die sin van bewondering en respek vir wie Hy is, sy outoriteit en mag en geregtigheid en regverdigheid, veral in teenstelling met ons sondigheid, swakheid, en algehele afhanklikheid van Hom — 'n natuurlike reaksie wees. Ons is gevalle wesens, wesens wat God se wet oortree en wat, behalwe vir sy genade, veroordeling en die ewige dood verdien.

Lees **Efésiërs 2:1–10. Hoe behoort hierdie verse ons te help om te verstaan hoe ons God terselfdertyd beide kan vrees en liefhê?**

_____

_____

Ten spyte van die feit dat ons "kinders van die toorn" (die rede waarom ons Hom moet vrees) is, het Christus vir ons gesterf en dus aan ons 'n nuwe lewe in Hom geskenk wat die vrystelling van ons sonde en veroordeling van die verlede, insluit (die rede waarom ons Hom moet liefhê).

En net soos dit vir ons nou waar is, was hierdie selfde beginsel op antieke Israel van toepassing: hulle was slawe in Egipte, veroordeel tot slawerny en verdrukking, en dit was net God se liefde vir en sy barmhartigheid aan hulle wat tot hulle groot redding gelei het. " 'En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het. . .' " *(Deuteronómium 5:15)*. Geen wonder dan dat hulle God terselfdertyd beide gevrees en liefgehad het nie. En as húlle dit moes doen, hoeveel te meer moet ons dit nie doen nie, ons wat van die groot waarheid van Jesus se kruisdood namens ons, weet.

Lees Openbaring 14:6, 7. Wat beteken dit vir ons dat die opdrag om "God te vrees" die eerste opdrag van die Here se eindtydboodskap aan die wêreld moet wees? Gegewe dit wat ons weet wat oor hierdie wêreld gaan kom, waarom maak hierdie opdrag soveel sin?

Hy het ons eerste liefgehad

Selfs te midde van die reëls en regulasies in Deuteronómium en al die vermanings wat aan die Joodse nasie voorgehou was om "sy gebooie, Sy getuienisse, en Sy insettinge," te onderhou, moes hulle in die allereerste plek God met hulle hele hart en siel en al hulle krag liefhê. Natuurlik het hulle goeie redes gehad om juis dit te doen.

Wat **Deuteronómium 4:37; 7:7, 8 en 13; 10:15; 23:5; en 33:3. Wat leer hierdie verse ons oor God se liefde vir sy volk?**

_____

_____

In Deuteronómium lees ons hoe Moses oor en oor aan die volk van God se liefde vir hulle voorvaders en ook vir hulle, vertel het. Maar, hierdie liefde was eerder deur sy optrede teenoor hulle geopenbaar. Dit wil sê, selfs ten spyte van hulle tekortkominge, hulle mislukkings, hulle sondes, het God 'n onwrikbare liefde vir hulle gehad — 'n liefde wat kragtig in sy handelinge met hulle geopenbaar was.

"Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het" *(I Johannes 4:19)*.

Hoe **help hierdie vers ons om te verstaan waarom ons God moet liefhê?**

_____

_____

God se liefde vir ons het ons bestaan voorafgegaan deurdat die plan van verlossing reeds voor "die grondlegging van die wêreld" bestaan het *(Efésiërs 1:4)*.

Soos Ellen G. White dit gestel het: "Die verlossingsplan was geen nagedagte – 'n plan wat na die val van Adam geformuleer was – nie. Dit was die openbaring van 'die verborgenheid wat eeue lank verswyg is' (Romeine 16:25). Dit was die ontplooiing van die beginsels wat deur die eeue heen die grondslag van die troon van God was." — *Die Koning van die Eeue*, bl. 22.

Hoe geseënd is ons nie dat God inderdaad 'n God van liefde is, 'n liefde so groot dat Hy, namens ons, aan die kruis gesterf het, 'n selfopofferende liefde waar "Hy Homself verneder [het] deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis" *(Filippense 1:2)*. Daarom het ons vandag 'n openbaring van God se liefde waaraan die kinders van Israel waarskynlik selfs nie eers sou kon gedink het nie.

In plaas daarvan om liefdevol te wees, hoe sou dit wees as God vol haat was, of as Hy nie omgegee het nie? Hoe sou die wêreld daarna uitgesien het? Waarom is die openbaring van God se liefde aan ons iets waarin ons ons inderdaad moet verheug?

As julle My liefhet, bewaar my gebooie

Israel was as 'n nasie in sy geheel geroep om God lief te hê. Maar, dit was iets wat net individueel kon gebeur. Omdat elke mens 'n vrye keuse het, moes elke Israeliet 'n keuse maak om God lief te hê — en hulle moes daardie liefde toon deur gehoorsaam te wees.

Wat het die volgende verse met mekaar in gemeen? Dit wil sê, wat is die deurlopende tema in hierdie verse?

Deuteronómium 5:10 _____

*Deuteronómium 7:9*_____

*Deuteronómium 10:12*_____

*Deuteronómium 11:1*_____

*Deuteronómium 19:9*_____

Kon die Woord van God dit duideliker gestel het? Net soos God nie net sê dat Hy ons liefhet nie, maar ook daardie liefde aan ons openbaar deur wat Hy vir ons gedoen het, moet God se volk ook hulle liefde aan God deur hulle dade toon. En in hierdie verse sien ons dat liefde tot God onafskeidbaar aan gehoorsaamheid gekoppel is.

Dis hoekom, wanneer Johannes sê, "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar" *(I Johannes 5:3)*, of wanneer Jesus sê, "'As julle My liefhet, bewaar my gebooie"' *(Johannes 14:15)*, die fundamentele lering oor gehoorsaamheid sonder meer bewoord word. Liefde tot God moet altyd deur gehoorsaamheid aan God bevestig word. Dit was nog altyd so, en so sal dit altyd wees. En hierdie gehoorsaamheid aan God beteken gehoorsaamheid aan sy wet, die Tien Gebooie, wat ook die vierde gebod, die Sabbat, insluit. Deur die vierde gebod te onderhou, is net so min wetties as wat dit nie wetties is om die ander nege te onderhou nie.

Hoewel gehoorsaamheid aan enige van die gebooie wetties gedoen *kan* word, vind hierdie tipe gehoorsaamheid nie eintlik uit liefde vir God plaas nie. Wanneer ons waarlik lief is vir God, veral oor wat Hy in Christus Jesus vir ons gedoen het, wil ons Hom gehoorsaam, want dit is wat Hy ons vra om te doen.

Toe Moses oor en oor vir Israel gesê het om God lief te hê en Hom te gehoorsaam, het hy dit gedoen *nadat* hulle uit Egipte verlos was. Dit wil sê, hulle liefde en gehoorsaamheid was 'n reaksie op die verlossing wat God vir hulle bewerk het. Hulle was deur die Here verlos. Nou sou hulle daarop reageer deur sy gebooie getrou te gehoorsaam. Is dit in ons tyd enigsins anders?

Wat is jou eie ondervinding in jou poging om God te gehoorsaam? Dit wil sê, wat is jou eie motiewe om God te gehoorsaam? WAarom moet dit uit liefde vir Hom gedoen word? Watter rol, indien enige, moet vrees, die bybelse begrip van vrees, ook hierin speel?

Die eerste gebod

Hoe graag sommige Christene vir watter rede ook al probeer om die Ou Testament van die Nuwe te skei, kan dit nie gedoen word nie, ten minste nie sonder om die Nuwe Testament van sy ware betekenis te beroof nie. Die Nuwe Testament met sy bekendmaking van Jesus en die teologiese verduidelikings van Sy lewe, dood, opstanding en Hoëpriesterlike bediening, verwys na die vervulling van baie van die Ou Testamentiese profesieë en tipes. In baie opsigte vorm die Ou Testament die agtergrond, die konteks en die fondament van die Nuwe. Beide openbaar die goedheid en liefde van God.

Dit is een rede waarom die Nuwe Testament, en ook Jesus, oor en oor Skrif uit die Ou Testament aangehaal het.

Lees **Markus 12:28–30. Wat het die vraag oor die "eerste gebod van almal", beteken? Hoe het Jesus daarop reageer, en waarvandaan het Hy sy antwoord gekry?**

_____

_____

Dit is interessant dat 'n skrifgeleerde, iemand wat sy lewe daaraan toegewy het om die wet te verstaan en hoe dit toegepas behoort te word, hierdie vraag gevra het. Maar, omdat hulle so baie wette gehad het wat, soos hulle geglo het, gehoorsaam moes word (Joodse tradisie het later gesê dat daar 613 wette was), is dit nie 'n verrassing dat hulle dit in een vraag sou wou saamvat nie.

En wat het Jesus toe gedoen?

Hy het dadelik na Deuteronómium 6 verwys, " 'Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige HERE.' " *(Deuteronómium 6:4), en toe ook die vers daarna aangehaal, om God met jou hele ha*rt en met jou hele siel en met al jou krag lief te hê. Hy het na die sleutelvers verwys wat aan hulle sê dat hulle die Here hulle God, hulle enige God, moet liefhê, en wat gegrond is op die groot waarheid wat hulle sou leer om Hom alleen lief te hê.

Wat kan meer "teenswoordige waarheid" as hierdie opdrag wees? Aan die einde van tyd, wanneer die eindtydgebeurtenisse afspeel en almal gedwing word om een of ander dramatiese keuse te maak, sal die gebooie van God 'n uiters belangrike rol speel *(Openbaring 14:12)*.

Uiteindelik sal die kant wat ons kies, selfs wanneer ons deur vervolging bedreig word, op ware liefde vir God gegrond wees. Dit gaan die bepalende geskilpunt wees, en ons kan God net met ons hele hart en siel en krag leer liefkry as ons Hom persoonlik leer ken het, en sy goedheid, liefde en genade self ondervind het. Indien dit die vereiste gaan wees, is dit iets om voor te sterf.

As iemand jou sou vra: Hoe leer mense om 'n God wat hulle nog nooit persoonlik gesien het nie, lief te kry? Wat sal jy sê? Bespreek jou antwoord in die klas.

Vir verdere studie: "Die kruis van Christus sal die onderwerp van hul wetenskap en lied deur die ewigheid heen wees. In Christus die verheerlikte sal hulle Christus die gekruisigde sien. Nooit sal hulle vergeet dat Hy, deur wie se krag die ontelbare wêrelde geskape en die groot ruimtes in stand gehou word, die Geliefde van God, die Majesteit van die hemel wat deur gérubs en serafs aanbid word – Homself verneder het om die gevalle mens op te hef nie; dat Hy die skuld en die skande van die sonde gedra het, die verberging van Sy Vader se aangesig verduur het, totdat al die ellendes van 'n verlore wêreld Sy hart gebreek en Sy lewe aan die kruis van Gólgota uitgepers het. Dat die Skepper van al die wêrelde, die beskikker van alle lotgevalle, Sy heerlikheid afgelê en Homself verneder het om die mens lief te hê, sal gedurig die verbasing en die aanbidding van die heelal uitlok. Wanneer die verlostes hulle Verlosser aanskou en die heerlikheid van die Vader sien straal in Sy gelaat; wanneer hulle Sy troon sien wat van ewigheid tot ewigheid is en weet dat Sy koninkryk nooit tot 'n einde sal kom nie, hef hulle 'n verruklike lied aan 'Waardig, waardig is die Lam wat geslag is en wat ons verlos het deur Sy eie dierbare bloed!'" — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 651-652.

Vrae vir bespreking:

❶ Lees die Ellen G. White aanhaling hierbo. Wat word hier gesê wat ons sal help om te verstaan waarom ons liefde vir God alles wat ons het, moet insluit? Dink oor wat dit beteken dat God "deur wie se krag die ontelbare wêrelde en die groot ruimtes in stand gehou word" die een was wat namens ons 'n kruisdood moes verduur het. Waarom moet hierdie waarheid die fondament van ons verhouding met God wees?

❷ Dink weer oor die gedagte om God terselfdertyd lief te hê en Hom te vrees. Hoe doen ons beide, en waarom moet ons beide doen?

❸ Dis een ding om God lief te hê wanneer alles goedgaan, maar wat as dinge nie goedgaan nie, wanneer 'n tragedie ons tref? Waarom is dit gedurende sulke tye selfs meer belangrik om God lief te hê as wanneer alles met ons goedgaan?

❹ Kyk weer na die laaste vraag in Donderdag se studie. Wat is die verskillende benaderings wat jy kan gebruik om aan iemand wat nie 'n gelowige is nie te verduidelik wat dit beteken om God lief te hê? Hoe kan ons as mense iemand liefhê vir wie ons nog nooit fisies gesien het nie? Waarom maak dit nie saak dat ons Hom nog nooit persoonlik gesien het nie?